OFFISIËLE KOERANT
VAN SUIDWES-AFRIKA

OFFICIAL GAZETTE
OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG — PUBLISHED BY AUTHORITY

R0.30 — Maandag 1 Augustus 1988 — WINDHOEK — Monday 1 August 1988 — No. 5583

INHOUD:

Bladsy

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

No. 129 Proklamering van 'n distrikspad: Distrik Oos-Caprivi 2

No. 130 Aansoek dat gedeeltes van plaaspad 1613 gesluit en verlê moet word en versoek dat 'n gedeelte van plaaspad 1613 verlê moet word: Distrik Gobabis 3

No. 131 Proklamering van 'n distrikspad: Distrik Hereroland 5

No. 132 Proklamering van 'n distrikspad: Distrik Kavango Gebied 1 6

ALGEMENE KENNISGEWINGS

No. 116 Munisipaliteit Keetmanshoop: Dorpsbeplanningskema 7

No. 117 Munisipaliteit Outjo: Dorpsbeplanningskema 7

No. 118 Munisipaliteit Windhoek: Wysiging van Stadsbeplanningskema No. 13 8

CONTENTS:

Page

GOVERNMENT NOTICES

No. 129 Proclamation of a district road: District of Eastern Caprivi 2

No. 130 Application that portions of farm road 1613 be closed and be deviated and request that a portion of farm road 1613 be deviated: District of Gobabis 3

No. 131 Proclamation of a district road: District of Hereroland 5

No. 132 Proclamation of a district road: District of Kavango Area 1 6

GENERAL NOTICES

No. 116 Municipality of Keetmanshoop: Town Planning Scheme 7

No. 117 Municipality of Outjo: Town Planning Scheme 7

No. 118 Municipality of Windhoek: Amendment of Town Planning Scheme No. 13 8

Goewermentskennisgewings

Government Notices

DEPARTEMENT VAN VERVOER

No. 129 1988

PROKLAMERING VAN 'N DISTRIKSPAD: DISTRIK OOS-CAPRIVI

Hierby word -

(a) ingevolge artikel 22(2) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972), bekend gemaak dat die Minister van Vervoerwese kragtens artikel 22(1)(b) van genoemde Ordonnansie die pad wat in die Bylae beskryf en deur die simbole A-B-C op sketskaart P1380 aangetoon word, tot geproklameerde pad verklaar het; en

(b) ingevolge artikel 23(3) van genoemde Ordonnansie bekend gemaak dat die Minister van Vervoerwese kragtens artikel 23(1)(c) van genoemde Ordonnansie die in paragraaf (a) bedoelde pad tot distrikspad (nommer 3513) verklaar het.

Genoemde sketskaart is te alle tye gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Sekretaris van Vervoer, Windhoek, ter insae beskikbaar.

Die in hierdie kennisgewing bedoelde pad loop oor, en is in geheel geleë op, die gemeenskaplike grond van die Capriviane bedoel in artikel 32 van die Proklamasie op die Verteenwoordigende Owerheid van die Capriviane, 1980 (Proklamasie AG. 29 van 1980).

BYLAE

Van 'n punt (A op sketskaart P1380) by die plek bekend as Katima Mulilo algemeen wesnoordweswaarts tot op 'n punt (B op sketskaart P1380); van daar algemeen noordweswaarts tot op 'n punt (C op sketskaart P1380) by die plek bekend as Wenela.

DEPARTMENT OF TRANSPORT

No. 129 1988

PROCLAMATION OF A DISTRICT ROAD: DISTRICT OF EASTERN CAPRIVI

It is hereby made known -

(a) in terms of section 22(2) of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972), that the Minister of Transportation has under section 22(1)(b) of the said Ordinance declared the road described in the Schedule and shown on sketch-map P1380 by the symbols A-B-C, to be a proclaimed road; and

(b) in terms of section 23(3) of the said Ordinance that the Minister of Transportation has under section 23(1)(c) of the said Ordinance declared the road referred to in paragraph (a) to be a district road (number 3513).

The said sketch-map shall at all times lie open to inspection at the office of the Secretary for Transport, Windhoek, during normal office hours.

The road referred to in this notice runs across, and is entirely situated on, the communal land of the Caprivians referred to in section 32 of the Representative Authority of the Caprivians Proclamation, 1980 (Proclamation AG. 29 of 1980).

SCHEDULE

From a point (A on sketch-map P1380) at the place known as Katima Mulilo generally west-north-westwards to a point (B on sketch-map P1380); thence generally north-westwards to a point (C on sketch-map P1380) at the place known as Wenela.

DEPARTEMENT VAN VERVOER

No. 130 1988

AANSOEK DAT GEDEELTES VAN PLAASPAD 1613 GESLUIT EN VERLÊ MOET WORD EN VERSOEK DAT 'N GEDEELTE VAN PLAASPAD 1613 VERLÊ MOET WORD: DISTRIK GOBABIS

Hierby word -

(a) ingevolge artikel 16(3) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972), bekend gemaak dat aansoek by die Voorsitter van die Padraad van Gobabis gedoen is dat -

(i) die gedeelte van plaaspad 1613 wat in Bylae I beskryf en deur die simbole C-D op sketskaart P1393 aangetoon word, gesluit moet word; en

(ii) die gedeelte van plaaspad 1613 wat in paragraaf (a) van Bylae II beskryf en deur die simbole B-C op sketskaart P1393 aangetoon word, verlê moet word van die roete aldus beskryf en aangetoon, na die roete wat in paragraaf (b) van Bylae II beskryf en deur die simbole A1-C1 op sketskaart P1393 aangetoon word; en

(b) ingevolge artikel 17(2) van genoemde Ordonnansie bekend gemaak dat die Padraad van Gobabis versoek dat die gedeelte van plaaspad 1613 wat in paragraaf (a) van Bylae III beskryf en deur die simbole A-B op sketskaart P1393 aangetoon word, verlê moet word van die roete aldus beskryf en aangetoon, na die roete wat in paragraaf (b) van Bylae III beskryf en deur die simbole A-A1 op sketskaart P1393 aangetoon word.

'n Afskrif van hierdie kennisgewing en genoemde sketskaart, synde 'n sketskaart van die betrokke streek waarop die pad waarop die aansoek en versoek betrekking het en ander geproklameerde, ondergeskikte en privaatpaaie in daardie streek aangetoon word, sal vir die volle tydperk van dertig dae hieronder vermeld gedurende gewone kantoorure by die kantore van die Sekretaris van Vervoer, Windhoek, en die Paaiesuperintendent, Gobabis, ter insae beskikbaar wees.

DEPARTMENT OF TRANSPORT

No. 130 1988

APPLICATION THAT PORTIONS OF FARM ROAD 1613 BE CLOSED AND BE DEVIATED AND REQUEST THAT A PORTION OF FARM ROAD 1613 BE DEVIATED: DISTRICT OF GOBABIS

It is hereby made known -

(a) in terms of section 16(3) of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972), that application has been made to the Chairman of the Roads Board of Gobabis that -

(i) the portion of farm road 1613 described in Schedule I and shown on sketch-map P1393 by the symbols C-D, be closed; and

(ii) the portion of farm road 1613 described in paragraph (a) of Schedule II and shown on sketch-map P1393 by the symbols B-C, be deviated from the route so described and shown, to the route described in paragraph (b) of Schedule II and shown on sketch-map P1393 by the symbols A1-C1; and

(b) in terms of section 17(2) of the said Ordinance that the Roads Board of Gobabis requests that the portion of farm road 1613 described in paragraph (a) of Schedule III and shown on sketch-map P1393 by the symbols A-B, be deviated from the route so described and shown, to the route described in paragraph (b) of Schedule III and shown on sketch-map P1393 by the symbols A-A1.

A Copy of this notice and the said sketch-map, being a sketch-map of the area concerned on which the road to which the application and request refer and other proclaimed, minor and private roads in that area are shown, shall for the full period of thirty days mentioned below lie open to inspection at the offices of the Secretary for Transport, Windhoek, and the Roads Superintendent, Gobabis, during normal office hours.

Iedereen wat enige beswaar het teen bogemelde aansoek of versoek, of beide die aansoek en versoek, word hiermee aangesê om sy beswaar, met die gronde waarop dit gebaseer is duidelik en in besonderhede daarin uiteengesit, skriftelik binne 'n tydperk van dertig dae vanaf die publikasie van hierdie kennisgewing by die Voorsitter van Padrade, Privaatsak 12005, Ausspannplatz, 9000, in te dien.

BYLAE I

Van 'n punt (C op sketskaart P1393) op distrikspad 1668 op die plaas Helm 423 algemeen wessuidweswaarts oor genoemde plaas tot op 'n punt (D op sketskaart P1393) op distrikspad 1635 op genoemde plaas.

BYLAE II

(a) Van 'n punt (B op sketskaart P1393) op die gemeenskaplike grens van die plase Sukses 426 en Helm 423 algemeen wesnoordweswaarts oor laasgenoemde plaas tot op 'n punt (C op sketskaart P1393) op distrikspad 1668 op laasgenoemde plaas.

(b) Van 'n punt (A1 op sketskaart P1393) op die gemeenskaplike grens van die plase Sukses 426 en Helm 423 algemeen weswaarts oor laasgenoemde plaas tot op 'n punt (C1 op sketskaart P1393) op distrikspad 1668 op laasgenoemde plaas.

BYLAE III

(a) Van 'n punt (A op sketskaart P1393) op die plaas Sukses 426 algemeen noordnoordweswaarts oor genoemde plaas tot op 'n punt (B op sketskaart P1393) op die gemeenskaplike grens van genoemde plaas en die plaas Helm 423.

(b) Van 'n punt (A op sketskaart P1393) op die plaas Sukses 426 algemeen weswaarts oor genoemde plaas tot op 'n punt (A1 op sketskaart P1393) op die gemeenskaplike grens van genoemde plaas en die plaas Helm 423.

Every person having any objection to the above-mentioned application or request, or both the application and request, is hereby commanded to lodge his objection in writing, with the grounds upon which it is based clearly and specifically therein stated, with the Chairman of Roads Boards, Private Bag 12005, Ausspannplatz, 9000, within a period of thirty days from the date of publication of this notice.

SCHEDULE I

From a point (C on sketch-map P1393) on district road 1668 on the farm Helm 423 generally west-south-westwards across the said farm to a point (D on sketch-map P1393) on district road 1635 on the said farm.

SCHEDULE II

(a) From a point (B on sketch-map P1393) on the common boundary of the farms Sukses 426 and Helm 423 generally west-north-westwards across the last-mentioned farm to a point (C on sketch-map P1393) on district road 1668 on the last-mentioned farm.

(b) From a point (A1 on sketch-map P1393) on the common boundary of the farms Sukses 426 and Helm 423 generally westwards across the last-mentioned farm to a point (C1 on sketch-map P1393) on district road 1668 on the last-mentioned farm.

SCHEDULE III

(a) From a point (A on sketch-map P1393) on the farm Sukses 426 generally north-north-westwards across the said farm to a point (B on sketch-map P1393) on the common boundary of the said farm and the farm Helm 423.

(b) From a point (A on sketch-map P1393) on the farm Sukses 426 generally westwards across the said farm to a point (A1 on sketch-map P1393) on the common boundary of the said farm and the farm Helm 423.

DEPARTEMENT VAN VERVOER

No. 131 1988

PROKLAMERING VAN 'N DISTRIKSPAD: DISTRIK HEREROLAND

Hierby word -

(a) ingevolge artikel 22(2) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972), bekend gemaak dat die Minister van Vervoerwese kragtens artikel 22(1)(b) van genoemde Ordonnansie die pad wat in die Bylae beskryf en deur die simbole A-B op sketskaart P1395 aangetoon word, tot geproklameerde pad verklaar het; en

(b) ingevolge artikel 23(3) van genoemde Ordonnansie bekend gemaak dat die Minister van Vervoerwese kragtens artikel 23(1)(c) van genoemde Ordonnansie die in paragraaf (a) bedoelde pad tot distrikspad (nommer 3824) verklaar het.

Genoemde sketskaart is te alle tye gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Sekretaris van Vervoer, Windhoek, ter insae beskikbaar.

Die in hierdie kennisgewing bedoelde pad loop oor, en is in geheel geleë in die distrik Hereroland, op die gedeelte wat bekend staan as Hereroland Oos Gebied 2 van die in artikel 32(b) van die Proklamasie op die Verteenwoordigende Owerheid van die Herero's, 1980 (Proklamasie AG. 50 van 1980), bedoelde gemeenskaplike grond van die Herero's.

BYLAE

Van 'n punt (A op sketskaart P1395) by die plek bekend as Omongua algemeen noordwaarts en al meer noordooswaarts tot op 'n punt (B op sketskaart P1395) by die plek bekend as Aminuis.

DEPARTMENT OF TRANSPORT

No. 131 1988

PROCLAMATION OF A DISTRICT ROAD: DISTRICT OF HEREROLAND

It is hereby made known -

(a) in terms of section 22(2) of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972), that the Minister of Transportation has under section 22(1)(b) of the said Ordinance declared the road described in the Schedule and shown on sketch-map P1395 by the symbols A-B, to be a proclaimed road; and

(b) in terms of section 23(3) of the said Ordinance that the Minister of Transportation has under section 23(1)(c) of the said Ordinance declared the road referred to in paragraph (a) to be a district road (number 3824).

The said sketch-map shall at all times lie open to inspection at the office of the Secretary for Transport, Windhoek, during normal office hours.

The road referred to in this notice runs across, and is entirely situated in the district of Hereroland, on the portion known as Hereroland East Area 2 referred to in section 32(b) of the Representative Authority of the Hereros Proclamation, 1980 (Proclamation AG. 50 of 1980), of the communal land of the Hereros.

SCHEDULE

From a point (A on sketch-map P1395) at the place known as Omongua generally northwards and more and more north-eastwards to a point (B on sketch-map P1395) at the place known as Aminuis.

No. 132 1988

PROKLAMERING VAN 'N DISTRIKSPAD: DISTRIK KVANGO GEBIED 1

Hierby word -

(a) ingevolge artikel 22(2) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972), bekend gemaak dat die Minister van Vervoerwese kragtens artikel 22(1)(b) van genoemde Ordonnansie die pad wat in die Bylae beskryf en deur die simbole A-B op sketskaart P1375 aangetoon word, tot geproklameerde pad verklaar het; en

(b) ingevolge artikel 23(3) van genoemde Ordonnansie bekend gemaak dat die Minister van Vervoerwese kragtens artikel 23(1)(c) van genoemde Ordonnansie die in paragraaf (a) bedoelde pad tot distrikspad (nommer 3424) verklaar het.

Genoemde sketskaart is te alle tye gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Sekretaris van Vervoer, Windhoek, ter insae beskikbaar.

Die in hierdie kennisgewing bedoelde pad loop oor, en is in geheel geleë op, die gemeenskaplike grond van die Kavango's bedoel in artikel 32 van die Proklamasie op die Verteenwoordigende Owerheid van die Kavango's, 1980 (Proklamasie AG. 26 van 1980).

BYLAE

Van 'n punt (A op sketskaart P1375) by die plek bekend as Shakambu algemeen noordnoordweswaarts en al meer noordnoordooswaarts tot op 'n punt op hoofpad 8, seksie 4; van daar algemeen noordnoordooswaarts tot op 'n punt (B op sketskaart P1375) by die plek bekend as Tjeye.

No. 132 1988

PROCLAMATION OF A DISTRICT ROAD: DISTRICT OF KAVANGO AREA I

It is hereby made known -

(a) in terms of section 22(2) of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972), that the Minister of Transportation has under section 22(1)(b) of the said Ordinance declared the road described in the Schedule and shown on sketch-map P1375 by the symbols A-B, to be a proclaimed road; and

(b) in terms of section 23(3) of the said Ordinance that the Minister of Transportation has under section 23(1)(c) of the said Ordinance declared the road referred to in paragraph (a) to be a district road (number 3424).

The said sketch-map shall at all times lie open to inspection at the office of the Secretary for Transport, Windhoek, during normal office hours.

The road referred to in this notice runs across, and is entirely situated on, the communal land of the Kavangos referred to in section 32 of the Representative Authority of the Kavangos Proclamation, 1980 (Proclamation AG. 26 of 1980).

SCHEDULE

From a point (A on sketch-map P1375) at the place known as Shakambu generally north-northwestwards and more and more north-northeastwards to a point on trunk road 8, section 4; thence generally north-north-eastwards to a point (B on sketch-map P1375) at the place known as Tjeye.

Algemene Kennisgewings

No. 116 1988

KEETMANSHOOP MUNISIPALITEIT
DORPSBEPLANNINGSKEMA

Kennis geskied hiermee ingevolge die bepalings van Artikel 7(2) van Ordonnansie Nr. 18 van 1954, soos gewysig, dat die Raad van voorneme is om vir die Munisipale Gebied van Keetmanshoop 'n dorpsbeplanningskema te laat opstel.

P J BOONZAAIER
STADSKLERK

Munisipale kantore
Privaatsak 2129
KEETMANSHOOP

No. 117 1988

OUTJO MUNISIPALITEIT
DORPSBEPLANNINGSKEMA

Kennis geskied hiermee ingevolge die bepalings van Artikel 7(2) van Ordonnansie No. 18 van 1954, soos gewysig, dat die Raad van voorneme is om vir die Munisipale Gebied van Outjo 'n dorpsbeplanningskema te laat opstel.

G LEMMER
STADSKLERK

Munisipale kantore
Posbus 51
OUTJO

General Notices

No. 116 1988

KEETMANSHOOP MUNICIPALITY
TOWN PLANNING SCHEME

Notice is hereby given in terms of Section 7(2) of the Ordinance No. 18 of 1954, as amended, that the Council intends drawing up a town planning scheme for the Municipal Area of Keetmanshoop.

P J BOONZAAIER
TOWN CLERK

Municipal Offices
Private Bag 2129
KEETMANSHOOP

No. 117 1988

OUTJO MUNICIPALITY
TOWN PLANNING SCHEME

Notice is hereby given in terms of Section 7(2) of the Ordinance No. 18 of 1954, as amended, that the Council intends drawing up a town planning scheme for the Municipal Area of Outjo.

G LEMMER
TOWN CLERK

Municipal Offices
P O Box 51
OUTJO

No. 118 1988

MUNISIPALITEIT WINDHOEK WYSIGING VAN STADSBEPLANNING-SKEMA NO. 13

Kennis geskied hiermee kragtens Artikel 17 van die Dorpsbeplanningsordonnansie No. 18 van 1954, soos gewysig, dat die Munisipaliteit van Windhoek van voorneme is om sekere wysigings van die Dorpsbeplanningskema (soos ingevolge Proklamasie No. 16 van 1976 goedgekeur) vir goedkeuring voor te lê.

Die wysigings behels die volgende:

(a) Hersonering en reservering van grond.
(b) Wysiging van skemabepalings.

Eksemplare van die planne wat die betrokke gebied aantoon lê gedurende kantoorure by kamer 714 van die Stadhuis, Windhoek ter insae.

W J KOTZÉ
STADSKLERK

No. 118 1988

WINDHOEK MUNICIPALITY AMENDMENT OF TOWN PLANNING SCHEME NO. 13

Notice is hereby given in terms of section 17 of the Town Planning Ordinance 1954 (Ordinance 18 of 1954 as amended) that the Cabinet approved the intention of the Windhoek Municipality to submit certain amendments of the Town Planning Scheme (as approved in terms of Proclamation No. 16 of 1976) to him for consideration thereof.

The amendments contain the following:

(a) Rezoning and reservation of land;
(b) Amendment of scheme provisions;

Copies of the map showing the boundaries of the Scheme are lying for inspection during office hours at Room 714 of the Municipal Buildings, Windhoek.

W J KOTZÉ
TOWN CLERK

Gedruk deur
JOHN MEINERT (EDMS) BPK.
Verkrygbaar by
STAR BINDERS & PRINTERS
Posbus 56, Windhoek
Suidwes-Afrika

Printed by
JOHN MEINERT (PTY) LTD.
Obtainable from
STAR BINDERS & PRINTERS
P.O. Box 56, Windhoek
South West Africa